

Oordenking 6 April 2020

Braam Krüger

Geliefdes

Welkom by hierdie oordenking.

Kom ons bid.

Hierdie *lockdown* wat ons tans beleef het uiteraard verskeie en ook onvoorsiene gevolge. Een daarvan is die toename in gesinsgeweld, wêreldwyd. Daar moet inderhaas groter begrotings deur regerings goedgekeur word en skuilings vir vroue en kinders gevind word. Dit is só hartseer. 'n Tyd wat nabyheid en intimiteit moes bevorder het presies die teenoorgestelde effek.

In Ef. 4: 15 – 5:5 leer mens nogal iets oor kommunikasie. Wel, dié gedeelte gaan wyer as oor kommunikasie, maar sekere beginsels kan daaruit duidelik geleer word. Ek sal DV met die volgende paar oordenkings van hierdie sake uitlig.

Maar, voor ek bietjie indelf, vandag ietsie oor 4: 17 – 21. Ek lees uit die 2020-vertaling.

¹⁷ Dit sê en bevestig ek dan in die Here: Julle moenie meer soos die **heidene** met hulle leë gedagtes leef nie. ¹⁸ Hulle denke is verduister, hulle is vervreem van die lewe met God, omdat hulle onkundig is deur die hardheid van hulle harte. ¹⁹ Omdat hulle gevoelloos geword het, het hulle hulleself oorgegee aan losbandigheid om onversadigbaar allerhande onrein dade te pleeg.

²⁰ Maar julle het **Christus nie so leer ken** nie. ²¹ Julle het tog van Hom gehoor en julle is oor Hom onderrig, volgens die waarheid wat in Jesus is, ²² naamlik dat julle, wat julle vroeëre lewenswandel betref, die **ou mens moet aflê** wat as gevolg van sy drang na dwaling vergaan. ²³ Julle moet eerder deur die aard van julle denke vernuwe word. ²⁴ Ja, **trek die nuwe mens** as kleed aan wat in geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.

Soos julle kan sien, is daar in hierdie gedeelte twee hoofdele: Die **eerste** gaan oor goddelose mense (:17 – 19). Hulle is mense wat nie insig het nie, wat doen net waarvoor hulle lus is en

dikwels nie veel selfbeheersing aan die dag lê nie. Die **tweede** deel praat oor mense wat Jesus leer ken het (:20 – 24). Hulle is anders!

- Dissipels het 'n nuwe **lewenswandel**. Dit beteken: 'n voortdurende manier om die lewe te benader en hanteer. Hulle doen nie een oomblik só en die ander sús nie. Nee, hulle is mense van beginsel! Dit is omdat hulle denke vernuwe word. Onthou Rom. 12: 2? *Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe!* Selfde ding! As jy Jesus leer ken, as God se liefde en genade in jou lewe deurbreek, dan begin jy anders dink! Jy tree nie meer vanuit jou gevoelens/emosies op nie, maar jy word getemper deur dit wat jy by die Here leer, uit sy Woord. Dit is hoekom omgang met die Skrif so kardinaal deel is van dissipelskap. Jy leer God se wil vir jou lewenswandel. Hierdie lewenswandel word in :24 bietjie nader beskryf: “geregtigheid” en “heiligheid”. Geregtigheid praat van gelykmatige optrede in lyn met God se wil, waar jy reg optree, reg doen teenoor almal wat jou pad kruis. En “heilig” praat mos van anders wees, afgesonder wees – jy is deur God opsygesit om sy wil te doen!
- Maar hier is 'n pragtige beeld ingebed in hierdie verse! Daar word enersyds gepraat van “die ou mens moet aflê” en andersyds van “trek die nuwe mens as kleed aan” (: 22 & 24). In die parallelle gedeelte in Kol 3: 9 & 10 word dit ook gesê: “...aangesien julle die ou mens en sy gewoontes uitgetrek het ¹⁰ en die nuwe mens aangetrek het” (2020-vertaling). Hierdie vertaling sê in sy voetnoot: *3:9-10 uitgetrek ... aangetrek het: Die beeldspraak van klere aantrek en uittrek word hier gebruik om die gelowige se aflê van 'n sondige leefstyl en aanneem van 'n nuwe leefstyl as Christen te verduidelik.*
 - Hierdie is harde en aanhoudende werk! Die Gees maak ons hiervoor gewillig en bekwaam (Filip 2: 13). So, ons struikel soms steeds! Maar die Gees lei ons om dit raak te sien as ons klere weer vuil geword het en bring berou te in ons harte omdat ons nie meer in geregtigheid en heiligheid optree nie. Maar die wil om die nuwe lewe te leef word weer en weer deur die Gees in ons gewek.

Hierdie proses – uittrek en aantrek – die nuwe lewenswandel, word veronderstel by alle dissipels. Dit is eintlik kenmerkend van 'n dissipel. Dit maak jou sigbaar as 'n kind van die Vader in hierdie wêreld. Hoe dit prakties, in die daaglikse lewe lyk, word in die volgende verse (25vv) bietjie verduidelik. Ons praat DV volgende keer daaroor!

Bespreking: Gesels bietjie met mekaar oor die vlak van julle lewenswandel voor die Here:
